

12 Oktober

Skrifgedeelte: Johannes 12:37-50

Fokusgedeelte: Johannes 12:41

God se regverdigheid en sy barmhartigheid gehandhaaf

Jesus se selfopenbaring aan Israel deur sy prediking en wondertekens kom nou tot 'n einde. Nou volg sy gevangening en kruisiging. Soos in sy voorwoord, hoofstuk 1:10,11, stel Johannes dit hier in sy naskrif dat daar baie is wat nie in Jesus glo nie. Selfs die raadslede wat wel 'glo', bely Hom nie openlik nie. Het Jesus se werk dan misluk? Nee, deur die aanhalings uit Jesaja, wys Johannes dat Christus se heerlijkheid vasstaan, ondanks die verharding van die Jode.

Trouens, dit was God self wat volgens sy regverdige oordeel, toegelaat het dat sy ongelowige volk hulle verhard. Dit was deel van God se Raadsplan om aan sy uitverkorenes sy barmhartigheid te bewys. Jesus Christus, die Seun van God, moes verwerp word om gekruisig te word. Só handhaaf God sy eer. Jesaja het nie net die lyding en sterwe van die Messias geprofeteer nie (Jes 53), maar ook sy oorwinning en sy heerlijkheid (Jes 52).

Ook vandag word God geëer as gevolg van sy regverdige oordeel oor die mense wat nie sy Woord glo nie. Wie egter deur die Evangelie, (Jesaja en Johannes) die magtige teenwoordigheid van die Here sien, sal ook tot Gods eer en deur die kragtige werk van die Heilige Gees tot geloof in en aanbidding van die drie-enige God kom. Toets jouself egter of jy sigbaar deur die geloof lewe en of jy slegs in die geheim 'n 'Christen' is. God se genadetyd vir bekering gaan verby (Op 10:6).

Sing: Psalm 68:1,2

Ds J Venter (Emeritus)